


# Klipheuwel Plaasskool

Geskryf deur Johan van Zyl met die help van vriende (2020)

(2de weergawe deur Johan 2022)

As woorde betekenis het, is dit nie nodig om te verduidelik waarom ons plaasskool se naam Klipheuwel was nie. Die feit dat hierdie skooltjie gebou is op grond aan die voetheuwel van die Langeberg (Foto 1) is darem versagtende omstandighede figuurlik gesproke, maar die harde werklikheid is dat ons kaalvoete deur die baie klippe gebrei en soms ook gesny is. Eintlik was die skool se naam maar net geleen by die plaas Klipheuwel wat al in 1814 as een van die grense van Leeuwrivier aangedui is. Ons oupagrootjie se oupa, Frederik van Zyl van Swellendam, het die plaas Leeuwrivier in "pripacht" van die goewerment gehuur voordat sy seun, Johannes Petrus van Zyl die plaas in 1819 gekoop het vir 1500 Gulde.




*Foto 1: Gebou van die Klipheuwel plaasskooltjie in 2018.*

Klipheuwel se skool is vermoedelik deur oupa se oudste broer oom Danie van Zyl gebou. Dit is in 1912 voltooi – die datum op die gebou se gewel sê dit - maar het blykbaar al die vorige jaar geopen (Foto 2). Ons skooltjie het in 1965 finaal gesluit. My pa soos die meeste ouer

mense in die omgewing, was in Klipheuwel op skool van sub A tot standerd ses. In die beginjare was die onderwysers maar kwaai en my pa vertel dat hulle met'nbord om die nek in die hoek moes gaan staan as hulle Afrikaans in die Engelse klas gepraat het. Op die bord was geskrywe “I am a donkey”. My broer Gerrit skryf: “Ek het in 1940 by juffrou Van Rensburg in sub A begin skoolgaan. Daar was ‘n hele paar onderwyseresse na ou juffrou Van Rensburg – ek onthou juffou Gerber wat taamlik befoeterd was, juffroue Lewis, Marais, Slabbber en laastens juffrou Van Zyl wat daar was toe die skool in 1945 gesluit het.

Ja, Klipheuwel het in Junie 1945 tydelik gesluit omdat daar te min kinders was – ‘n minimum van tien was ‘n vereiste. Toe moes my twee oudste broers, Gerrit en Pieter en die ander kinders van die omgewing na Talana (Paddavlei soos ons gesê het) se skooltjie toe gaan. Dit was ook maar ‘n eenman-skooltjie met ene juffrou Marais aan die stuur. Gerrit en Pieter het gedurende die week by oom Flip en ant Kittie Fouche van Poortjieskloof geloseer. Naweke kon hulle darem huistoe gaan. Op ’n stadium was daar weer genoeg kinders in die Klipheuwel kontrei en kon die skool weer heropen. Vanaf 1952 kon kinders net tot std vyf op Klipheuwel skoolgaan en moes hulle van std ses af na die hoërskool op die dorp gaan. Die laaste kind wat nog standerd ses op Klipheuwel gemaak het, was Lenie Conradie. Jaco, ons jongste broer was nog in Klipheuwel op skool toe dit in 1965 finaal gesluit het en hy noodgedwonge na die laerskool op Montagu is.



*Foto 2: Onderwyser (?) en kinders van Klipheuwel afgeneem op 11 Oktober 1911, vermoedelik met die opening van die nuwe skoolgebou. Niemand op die foto kan ongelukkig geïdentifiseer word nie.*

As kinders het ons almal skool toe geloop, selfs die De Bods en die Smitte van Rietrivier wat goed vyf tot ses kilometer moes loop om by die skool te kom. Eintlik het net ’n paar mense soos oom At Swanepoel en Kosie Bruwer naby die skool gebly. Ons was al ’n hele ruk in sub A toe oom Kosie en ant Aida Bruwer op Klipheuwel kom woon het. Junior was ook in sub A en geleidelik het ek en hy beste maats geword. Van ons plaas af was dit 2 km tot by die skool, maar vir ander kinders laer af langs die Leeurivier was dit baie verder; goed 4 km vir ons Van

Zyl kleinneefs en - niggies wat op Sandleegte gebly het en nog verder vir die Marais dogters, Dollie, Bertha, Dina, Petro, Oba en Wilna (Petro was saam met my in die klas) en hul broer Sarel. Almal het kaalvoet geloop, somer en winter. Daar was net twee dae per jaar wat ek skoene gedra het en dit was as die twee jaarlikse basaars by ons skool gehou is. Die een was die dankoffer-basaar en die ander die sendingbasaar. Daardie twee dae het ons sommer by die skool gebly want die basaar was altyd in die middag en daar was nie tyd om eers huis toe te gaan nie; vandaar die skoene. Marlene Marais was een uitsondering. Haar pa, oom Gawie, wou hê sy moes elke dag skoene dra al het die klippe haar skoene se gal gewerk as sy speeltye net so hard soos die ander kinders gespeel en klippe rondgeskop het.

Ons voetsole was so hard soos ou rieme en daarom was Klipheuwel se klippe nie ŉ probleem nie. Koue was ŉ ander storie. In die winter kon dit kwaai ryp en soggens was jou kaalvoete en hande blou van die koue op pad skool toe. Dis nou waar ŉ renosterbos handig te pas kom. As jy ŉ vuurhoutjie onder hom sit, vat die dooie fyn blaartjies maklik vlam en gee die bossie genoeg vuur om ŉ klompie kinders se verkluimde hande en voete warm te maak. In die somer was die middae weer woedend warm vir ŉ mens. Die sand in die driffie van die Leeurivier was in die middag so warm dat jy daardeur moes hardloop om jou voetsole af te koel. Stilstaan op die kokende sand kon jy glad nie. Wintertye het dit soms gebeur dat die riviertjies sterk afgekom het. Dan het ons pa’s ons deur die rivier kom help op oom At se plaas en ook weer op ons plaas waar die rivier die pad ŉ tweede keer gekruis het.

Van ons huis af kon ŉ mens binne 20 minute tot by die skool stap as jy nie speel nie. Dit het ons gewoonlik so ŉ halfuur geneem. Ek onthou dat Abrie vir my gesê het dat hy dit eenkeer in 13 minute gedoen het, maar dan moet jy ente draf. Hoe hy die tyd so presies geweet het, bly vir my ŉ raaisel want niemand van ons het ŉ horlosie gehad nie. Skooltyd is afgemeet deur juffrou se wekker en aangekondig deur die skoolklokkie wat altyd op haar tafel gestaan het. Daar was enkele kere wanneer dit die oggend kwaai gereën het dat my pa ons met die motor skool toe geneem het. Eddie en Kobin Swanepoel was ook vir ŉ hele paar jaar in Klipheuwel en hulle pa het ŉ kar gehad met ŉ oop bak. Ons het die kar die bloubok genoem. Oom Piet het ons ŉ paar maal in sy bloubok skool toe geneem. Dit was opwindend want oom Piet het lekker vinnig gery. Van ons plaas af was dit opdraand skool toe. Deur ons serwituutland (of soos ons gesê het “die sêrretietland”) moes ons ŉ voetpaadjie trap nadat die koring gesaai is, tot by die kruishekkie waar die grense van vier plase bymekaar gekom het. Daarvandaan was dit grondpad. Die steilste deel was teen die kweperheining van oom At Swanepoel uit. Die riviertjie aan die voet van die kweperheining het ŉ populierbos gehad. Ek het my altyd verwonder aan die ongelooflike skielike groen van die populierbos na die Septembervakansie want voor die vakansie was die bos nog sonder blare en loodgrys van kleur. Toe Jaco in sub A kom, het Christo en Sarel hom wysgemaak daar woon ŉ afkopman in ŉ hol boomstam in die riviertjie. Smiddae as Jaco vroeër as die ander kinders huistoe geloop het, moes hy alleen deur die driffie. Genoeg om te sê dat hy blykbaar nog steeds die rekord hou vir die vinnigste Klipheuwel Sub A met ŉ soetkys oor 50 treë.

Ons het selde alleen gestap. Ons kon Edwin baie oggende van veraf hoor aankom soos hy rugby uitsaai. In die plaasstilte kon jy duidelik hoor “…en die Springbokke het die bal. Tommie Gentles laat loop vir Brewis, uit na Pat Montini…hy is verby sy man, net die heelagter voor en hy laat loop vir Tom van Vollenhoven wat omhardloop en oorduik vir ŉ drie so tien tree van die hoekvlag af. Dis Hansie Brewis wat naderkom vir die vervyfskop…” Ons almal het voorspel dat Edwin ŉ radio-omroeper gaan word, maar nou ja ŉ bankier is seker nie te ver verkeerd nie. Die kruishekkie was die gewone aansluitingsplek waar Davis Conradie en sy broer Frikkie en later ook Lowry, by ons aangesluit het om verder saam te stap. ŉ Speletjie wat ons oppad skooltoe gespeel het, was om teiken te gooi na telefoonpale langs die pad. Elkeen kry drie

klippe en die wenner is die een met die beste totaal oor die vyf of ses pale wat die regte afstand van die pad af was. Die speletjie het nie baie tyd gevat nie en ammunisie was volop.

In sub A, het ons leer skryf met ŉ griffel op ŉ lei. Daarvan het ek niks gehou nie want ek wou met ŉ regte potlood in ŉ boek skryf. Vroeër was dit algemene gebruik dat elke sub A kind behalwe ŉ griffel en lei, ook ŉ botteltjie water en lap skool toe geneem het om die lei skoon te vee. ŉ Mens kan vandag ook nog die slootjies in die sandsteenklip op Klipheuwel sien waar die kinders hulle griffels g eslyp het. Gelukkig was die griffelfase gou verby in 1955; na net ŉ week of twee volgens my geheue.

Gerrit van Zyl, my oudste broer, het so geskryf so oor sy eerste dag se ervaring in die skool in 1940: "Die eerste dag toe my ma my na die skooltjie geneem het, onthou ek nog goed. Gewapen met 'n lei om op te skrywe, 'n waterbottel en twee lappe om die lei skoon te maak het ons die 4 kilometer of so na die skool gestap. Ek is daar gelaat in die hande van 'n ou juffrou Van Rensburg (sy het 'n jaar of twee later afgetree). Onthou dit was 'n eenman skooltjie met seker nie meer as 15 kinders nie – van Sub A tot Standerd 6. Omdat dit daardie tyd van die jaar (ek is aan die begin van die 2de kwartaal skool toe) nog warm weer was, het my ma daardie eerste dag my blazertjie by die skool uitgetrek en saam met haar teruggeneem huis toe. Ongelukkig was die lappe waarmee ek die skrif op die lei moes skoonmaak in die blazer se sakke en was dit vir my as klein seuntjie katastrofies. Gelukkig het van die ander kinders vir my lappe geleen want die meeste van die kinders het toe nog op leie geskryf. Dit was maar eers later wat vulpenne en ink in die mode gekom het en natuurlik potlode ook".


Toe ek in 1955 in die skool gekom het, was "juffrou" Johanna Stemmet (Foto 3) ons skooljuffrou en was ons ongeveer 25 kinders in die skool, almal van sub A tot std. vyf in een vertrek. Sy was beter as die beste goëlkunstenaar. Kinders van sewe standerds leer lees uit "Sus en Daan", spel en skryf, sê resitasies op, doen somme, kry aardrykskunde, gesondheidsleer, natuurstudie en geskiedenislesse, doen mondelinge, skryf opstelle lees en doen Afrikaanse en Engelse taal en teken, alles by een onderwyser ten aanhore van die hele skool. Daar was selfs naaldwerklesse vir die dogters en ook ŉ sangklas. Ek onthou goed hoe ons die vervelige tonic-solfa op en af gesing het terwyl juffrou met ŉ stok op ŉ kaart vir ons die doh, re, me soh, fah, la, te, doh aanwys. Gelukkig het ons darem FAK liedjies ook gesing. Ek het later besef dat dit ŉ voordeel vir die kinders het om almal in een klaskamer te wees want as jy by std drie kom, ken jy al die std vyfs se werk ook.



*Foto 3: Juffrou Johanna Stemmet.*

Ons moes almal eers leer los skryf en daarna aanmekaar (vaste skrif). Die aanmekaar-skryf is ons op'n spesifieke manier geleer, naamlik dun strepies op en sterk strepe afwaarts. Ons juffrou het die "gawe van die griffel" gehad en was daarom 'n goeie voorbeeld vir ons met haar handskrif soos 'n mens mooi kan sien uit notas wat sy gehou het van belangrike gebeurtenisse in haar lewe (Foto 4).


Liggaamsoefeninge het die hele skool saam op die gronde voor die skool gedoen. Vir my het dit nou regtig onnodig gelyk want ons was fisies altyd baie aktief; die woord sofa-pokkel (couch potato) het nog nie eens bestaan nie en as ons nie buite gespeel het nie was daar pligte op die plaas of in die huis om te doen. Ek het dit toe nie besef nie – 'n mens is soms met blindheid geslaan - maar die meisies moes ook handstane doen in hulle rokke en hulle voel steeds 'n bietjie verleë daaroor. Plaaskinders kon nie sondagskool op die dorp bywoon nie maar ons het elkeen 'n teksboek gehad met 'n teks en gesangversie wat ons elke week moes leer. Maandagoggende moes ons ons tekste opsê, tekste wat ek op pad skooltoe sommerso in die loop geleer het. Elke kind het dan aan die einde van die jaar 'n ster gekry om op die Sondagskool-diploma te plak (Foto 5). Vrydae was weer tyd vir bybelvasvra wanneer kinders hulle maats kon probeer vasvra. Die skerpste pyl in Marlene se koker was om te vra " Waar in die Bybel staan die tien gebooie?" Vandag dink ek daar is 'n spesiale hemel vir ons juffrou en onderwysers soos sy.



Ons vader Alex. Floris Kriel sterf
10 min voor 8 Maandagmôre 2 Aug 1948
Ouderdom 75 jr 23 dae. Die rouddiens
word gehou deur Ds. Van Velden en
Ds. Malan. Sy teks: 2 Kor. 4 van vers
16 tot hoofstuk 5 vers 10.
Gesang 43 vers 5.
" 189 " 2
" 22 " 1.

Voorstelling van Johan vind plaas
23 Julie 1949 deur Ds. Van Velden:
Gelees Gen. 32 van 22 tot 32.
Jakob het alleen agtergebly by
Jabbok en met die Here geworstel
Gesing: Ps. 66 vers 7.
Ges. 36 vers 2
" 155 vers 6.

Sondagoggend 24 Julie 1949: Gelees Jes. 53
Teks: Jes. 53 vers 6: Ons het almal
gedwaal. Ons het elkeen sy eie pad
geloop: Maar die Here.



Voorstelling van Alexander 22 Julie 1950
(64 lidmate) Ds Van Arkel het die diens
waargeneem: Ek sal my vir die Evangelie
van Christus nie skaam nie.


Ons Moeder Maria M. Kriel het gesterf
op Donderdag-môre 21 Aug 1952 in
ouderdom 74 jr. 3 mnd. Begrafnis Vrydag
22 Aug. 1952. Sy was maar stil en het
haar siekte in stilte gedra.

Eeufees van Montagu 29-31 Okt. 1954.
Nagmaal: Ds Van Velden: Voorbereiding
Ps. 51 vers 12: Skep vir my 'n rein
hart. Oggend diens: Dr. v.d. Merwe.
Rom. 5 vers 8. God bewys sy liefde
tot ons. Tafelrede: Ds. Alheit: Die Here
het vir Jakob gesê: Gaan terug na
Bethel.
Nabetragting: Dr. Louw: Jes. 52 vers 12.
Want die Here trek voor julle uit en
die God van Israel is julle agterhoede.

*Foto 4: Notas van Juffrou Johanna Stemmet oor belangrike gebeurtenisse in haar lewe. Let op die mooi handskrif.*

Ja, die inspekteur het ons ook 'n keer of wat besoek. Hy het 'n groen Fordkar gery en daar is lank voorberei voordat die kar weke later opdaag. Met sy een besoek het een van my klas die Engelse gedig "Daffodils" opgesê. Hy het nogal 'n probleem gehad met een sin in my Engelse opstelboek waar ek geskrywe het "I was excited to go to the circus". Dit was glo nie goeie Engels nie, maar wat hy nie in ag geneem het nie was dat Engels en Grieks in ons wereld presies dieselfde was, 'n ongebruikte taal. Vir my was die interessantste van sy besoek dat hy 'n bietjie vir sommige van ons vertel het wat ons name beteken. Christo vertel sy ervaring met die inspekteur so: "So land Klipheuwel se inspekteur toe daar aan. Vandag het hy 'n klomp

vorms onder die arms gehad. Elkeen het ’n vorm gekry en daar is verduidelik. Die goed het vir my maar vervelig gelyk; mannetjies, blokkies, strepies en kolletjies. Dit was glo ’n IK toets, so het ek later uitgevind. So het ek maar ingekleur, vir party gesiggies ore bygeteken en van die huise skoorstene bygesit, regtig ’n vreemde affêre met hier en daar ’n som. Later toe ons klaar was en buite speel, het juffrou en die oom my ingeroep. Hulle het baie vrae gevra. Dit het geklink asof ek gedop het eerder as om te kwalifiseer vir MENSA soos een van my latere base by my werk”.


Mat.6:26-34

Ps.42:2-3.

DIPLOMA

Uitgereik aan

Wilhelmien Marais

Vir verbulling van die reëls van getrouheid en blyt in die Sondagskool gedurende vier kwartale.

Klipheuwel

Desember 1962

V.D.M.

Voortdurende getrouheid word jaar na jaar erken deur gekleurde seëls in die ruimtes daarvoor bestem te plaas

GOUE SEEL
Groter Kinders

GROEN SEEL
Groter Kinders

UITGEGEE DEUR DIE SONDAGSKOOLBOEKHANDEL, POSBUS 396, BLOEMFONTEIN

*Foto 5: Sondagskooldiploma van Wilna Marais wat ook op Klipheuwel skool gegaan het.*

Juffrou Johanna Stemmet (haar nooiensvan was Kriel, van die Pieterfonteinse Kriels) was ’n baie besondere mens. Sy het eers by Rietvlei Nr 1 skoolgehou (Foto 6) en oom Klein-Willie Duitser, haar man (Foto 7), het haar soggens voor op sy trapfiets skool toe geneem, iets wat vandag amper ondenkbaar is. Met genoeg kinders in die Klipheuwel kontrei het die skool weer oopgemaak in 1951 (dalk ’n jaar vroeër) en Juffrou het daar begin skoolhou. Toe ek in die skool gekom het, het sy nog elke dag met haar donkiekar van die huis af skooltoe gery; ’n afstand van ongeveer 6 km. Oppad het sy vir Elmarie Stemmet en die Wolfaardt kinders, Alta, Banie, Barbara en Nelis opgelaai. Nou ja, die saamry-kinders het darem ook hulle taxigeld verdien deur Juffrou die donkies te help uitspan in die oggend en weer te help inspan in die middag vir die terugry. Bedags het die donkies maar daar rondom die skool geloop en gewag. Ek het altyd gewonder of die gronddammetjie skuins voor die skool iets met water vir die donkies te make gehad het. Die kinders, selfs van die meisies, het natuurlik die twee mak donkies gery tydens speeltye. Eendag het Davis Conradie wat net ’n jaar ouer as ek was, op die donkie se rug sy toebroodjies gesit en eet tydens speeltyd. Een van die groot seuns het ’n papiersak oor sy kop getrek en om die hoek op die mak donkie en sy “vreetsame” ruiter afgestorm. Nou ja, ’n mens skrik jouself tot stilstand maar dis nou waar ’n donkie anders is. Vaaltyn het homself in ’n resiesperd ingeskrik en weggevlieg dat die klippe spat. Ou Davis het geval dat hy hik maar hy was ’n taai outjie en het nie permanente skade opgedoen nie.



*Foto 6: Plaassskooltjie op Rietvlei no. 1 in die Montagu distrik*




*Foto 7: Juffrou Johanna Stemmet  en haar man, oom Willie, het na hulle aftrede op Barrydale gewoon.*

Na jare, het juffrou haar donkiekar vir ŉ klein Fiat motortjie verruil (Foto 8). Sy het hierdie motortjie en ŉ rybewys gehad, maar dit nooit voorheen gebruik om mee skool toe te ry nie. Volgens Dollie Marais wat by juffrou loseer het toe sy nog op Rietvlei skool gehou het, het sy net Woensdagmiddae dorp toe gery met die karretjie om na die skoolraadskantore toe te gaan en natuurlik ŉ paar ander besoeke ook te bring. Die skoolkinders het hierdie Fiatjie gou-gou met die bynaam "Kriek" gedoop. Die sprong van donkiekar na Fiat op die grondpad skool toe was groot en hierdie omskakeling het nie heeltemal sonder voorval verloop nie. Een oggend nadat juffrou vir Elmarie en die Wolfaardt-spannetjie opgelaai het, het die Fiatjie se petrolpedaal vasgehaak en dit het al vinniger gery terwyl juffrou sukkel om die karretjie op die

grondpad te hou. By ŉ draai in die rivier regoor oom Giel van Zyl se plaas kon juffrou nie meer vir Kriek in die pad hou nie en hulle jaag toe langs die pad in ŉ digte bos in waar die kar genadiglik tot stilstand kom. Niemand het seer gekry nie maar almal se oë was soos pierings van skrik. Daarvandaan het juffrou en haar spannetjie passassiers moes skool toe loop dié oggend. Haar seun, Alexander (Alsanner soos ons gesê het) het die kar die middag daar kom haal om te laat regmaak.




*Foto 8: Juffrou Johanna Stemmet by haar motertjie "Kriek" waarmee sy skool toe gery het. Dit is ŉ Fiat Topolini, waarskynlik ŉ 1948 model.*

Op ŉ stadium was daar genoeg kinders in Klipheuwel om twee onderwysers te regverdig soos die twee skoolfotos van 1959 en 1960 (Fotos 9 & 10) en toe het ŉ jong man, meneer Farrel Martheze , nou reeds saliger, wat van Robertson gekom het, by ons begin skoolhou. Hy was ŉ netjiese kêrel en het langs die skool by oom Kosie en ant Aida Bruwer loseer. Onder ons ouers het hy as "Meneertjie" bekend gestaan. Eers het hy vir die kleintjies van Sub A tot std twee skoolgehou, maar later met juffrou omgeruil sodat hy vir ons groter kinders van std drie tot vyf klas gegee het (Foto 11). Meneer het vernuwing gebring. Hy het met ŉ Volkswagen gery, ons leer krieket speel en ons vir atletiek laat oefen. Ons atletiekoefening was om so twee weke voor die atletiekbyeenkoms op Montagu, elke middag voor die skool sluit ŉ paar maal 100 meter teen die kweperheining op te hardloop. Dit was nou vir seuns en meisies, hoewel ŉ sekere meisie (ons sal maar nie haar naam noem nie) gereeld halfpad begin loop het tot meneer se ergernis. Die kinders wat langer afstande gehardloop het, moes onder by die rivier begin en die hele kweperheining uitdraf om fiks te word. Die oefenry het gewerk want daardie jaar het ons kinders ŉ hele paar pryse gewen. Meneer het ons groepie "atlete" selfs Robertson toe geneem vir ŉ foto en roomys en ŉ besoek aan Silwerstrand langs die Breërivier. Kyk, die die jaarlikse atletiekbyeenkoms op Montagu in Januarie was ŉ groot gebeurtenis op die kalender. Een jaar het al ons kinders vroeg die oggend atletiek toe gegaan saam met oom Harry Neethling se blou Thames Trader lorrie. Ander jare moes ons ander planne maak om vroeg daar te kom. My pa-hulle het eers later in die dag atletiek toe gegaan, maar gewoonlik darem betyds om te sien hoe ons hardloop en spring. Ons voorbereiding was maar eina-eina en het eers begin so drie weke voor die byeenkoms. Ek en Christo het eenkeer na die atletiek vir mekaar gesê "ons moet nou vir die hele jaar aanhou oefen dat ons volgende jaar fiks kan wees". Toe het ons vir mekaar gekyk en gesê " Nee, dis tog onmoontlik. ŉ Jaar is heeltemal te lank". Nietemin ons plaaskinders het gereeld aan atletiek deelgeneem, ook op hoërskool. Junior Bruwer was uiteindelik Victor Ludorum in atletiek van die Montagu Hoërskool in sy matriekjaar.



*Foto 9: Klipheuwel leerlinge van 1959. Voorste ry (VLNR): Jannie Conradie, Christo van Zyl, Ena van Zyl, Bertina Swanepoel, Barbara Wolfaardt, Marietha de Bod, Sally de Bod . Tweede ry: Elmarie Stemmet, Elsa Swanepoel, Lindie Neethling, Pieter de Bod, Sarel Marais, Anton Swanepoel. Derde ry: Johan Neethling, Johan van Zyl, Frikkie Conradie, Banie Wolfaardt. Vierde ry: Petro Marais, Marieta Swanepoel, Marlene Marais, Dina Marais, Alta Wolfaardt, Marina van Zyl. Agterste ry: Edwin van Zyl, Junior Bruwer, Charl Haasbroek, Davis Conradie.*



*Foto 10: Die totale kindertal van Klipheuwel skool was ses en twintig (een is afwesig op die foto) in 1960. Voor (vlnr): Riana Conradie, Marietha de Bod, Wikus Bruwer, Oba Marais, Jannie Conradie, Nelis Wolfaardt, Elsa Swanepoel. Tweede ry: Elmarie Stemmet, Ena van Zyl, Bertina Swanepoel, Barbara Wolfaardt, Sarel Marais, Christo van Zyl, Pieter de Bod, Banie Wolfaardt. Derde ry: Weggesteek – Marina van Zyl, Petro Marais, Lindie Neethling. Agterste  ry: Johan Neethling, Frikkie Conradie, Marlene Marais, Edwin van Zyl, Davis Conradie, Junior Bruwer, Anton Swanepoel.*



*Foto 11: Meneer Martheze met sy std 3, 4 en 5 kinders op Klipheuwel in 1960. Vlnr voor: Johan van Zyl, Frikkie Conradie, Marina van Zyl, Anton Swanepoel, Johan Neethling. Agter: Junior Bruwer, Banie Wolfaardt, Edwin van Zyl, Davis Conradie, Marlene Marais, Elsa Swanepoel, Petro Marais.*

As Klipheuwel vandag nog oop was, sou dit sekerlik as agtergeblewe geklassifisseer wees. Daar was net twee buitetoilette wat van die emmerstelsel gebruik gemaak het. Die buitetoilet het wel sy tol ge-eis toe een van die kleintjies ingeval het. Hy het besluit om dit geheim te hou, maar toe die groepie kinders by mnr Martheze se tafel staan, het hy snuf in die neus gekry dat iets verkeerd is. Meneer het gou-gou die nagwa-eienaar uitgesnuffel, wat nie te moeilik was nie want sy maatjies weerskante van hom het toe al vanself "social distancing" toegepas. Die ongelukkige invaller het toe maar met die hele emmer patats vorendag gekom. Meneer moes toe ŉ plan maak en volgens betroubare bronne het hy die outjie wat in die kake van die kootjie emmer beland het buitentoe geneem en by die reservoir gaan skoonwas. In Christo se woorde "Ons het die lawaai gehoor. Jannie het nat teruggekom en Meneer het baie genies en toe was dit sommer kortpouse."

Daar was nie elektrisiteit by Klipheuwel of selfs ŉ telefoon nie, water het uit ŉ reservoir langs die geboutjie gekom wat die dakwater opgevang het en drinkwater uit ŉ emmer in die klaskamer. Die skooltjie self was darem stewig gebou en staan vandag nog. Dit het net uit een groot vertrek bestaan wat in twee dele met ŉ houtpaneel afgeskort kon word. Ons het nie ŉ biblioteek gehad nie, maar eendag het juffrou ŉ paar bokse met storieboeke van iewers gekry en hierdie boeke is in ŉ kas langs die muur gepak. Daar was Trompie, Saartjie, Jansie, Die Uile en enkele ander boeke soos Wadda van die Woestyn en twee van die Keurboslaanreeks. Vir my het dit ŉ nuwe wêreld oopgemaak en ek het alles gelees, die meisieboeke ook. Later jare het toe ek hoor hoe sleg Trompie boeke vir kinders is want dit lei tot bendes, het daar vir my ŉ lig opgegaan; dis natuurlik wat op die Kaapse Vlakte gebeur het. Hulle het te veel Trompie boeke gelees. Hierdie kasbibliotekie het bestaan totdat die skool gesluit het en is later aangevul met die reeks "Kinders van die Wêreld."

Een jaar was juffrou Stemmet vir ŉ hele kwartaal nie by die skool nie; seker langverlof gekry soos dit daardie dae die gebruik was. Toe kry ons vir ŉ kwartaal lank ŉ tydelike juffrou. Sy was

kwaai en ons het min van haar gehou. Sy het ŉ oorspronklike manier van straf uitgedink - waarskynlik dit al by vorige skole uitgetoets – vir die kinders wat in die klas gepraat het. Sy het in rooi op ŉ stuk karton geskryf "Ek is die Babbelaar" en ŉ tou aan die karton vasgemaak sodat dit om die skuldige se nek gehang kon word. Die draer moes dan met die "Babbelaar" om die nek in die hoek voor in die klas gaan staan. As ons Heidi se storie geken het, sou ons die juffrou seker juffrou Rottemeier genoem het.

Een van die ervarings (of beproewings) wat meneer Martheze oor ons lewens laat kom het, was om in ŉ koor op te tree; gelukkig ŉ spreekkoor want ek was baie meer geskik vir ŉ woordekoor as ŉ sangkoor soos ek toe al wel deeglik besef het. Klipheuwel se spreekkoor het Kaalvoet Klonkie van I.D. du Plessis geoefen en op een goeie Vrydagmiddag in 1960 het ons in die kerksaal op die dorp by ŉ vrouevereniging gaan optree. Dit kon net by die ACVV of die Vroue Sendingbond gewees het, maar ek is nie meer seker nie. Edwin van Zyl was ons skoolkaptein en het nogal met flair vorentoe getree en gesê "Dames en here ons dra vir u voor, Kaalvoet Klonkie van Ai Dee du Plessis". Hy het ook mooi klem gelê op die Engelse "I". Die spreekkoor-item het heel skaflik afgeloop en die meeste van ons kon die hoofstuk oor spreekkore daarna finaal toemaak.

Speeltyd was ŉ belangrike deel van ons skool. Dan het ons groepspeletjies gespeel soos albaster, gaatjie, vroteier, kennetjie, eenbeentjie (hopscotch), hasie, bokskiet, krappe-en-krewe, blikaspaai, peep, aan-aan, rounders, rugby en later ook sokker en krieket. Die terrein was te rof vir regte rugby en gevolglik het ons aan-aan rugby gespeel met ŉ sakkiebôl. Ons sakkiebôlle was Springbok-twaksakkies wat met lappe opgestop is. Soms was daar nie ŉ sakkiebôl naby nie en dan het ons ŉ suikerbosknop gebruik as bal. Omdat daar nie rugbypale was nie het iemand met uitgestrekte arms op die doellyn gaan staan en die vervyfskop moes dan bo-oor die "pale" en binne die wydte van die pale se arms gaan om suksesvol te wees. Strafskoppe en ŉ skeidsregter was glad nie deel van ons rugby nie. Johan Neethling het ŉ regte rugbybal gehad en sommige middae na skool het ek saam met hom en ŉ klompie bruin kinders langs sy pa se koringmied op die sagte strooi ŉ soort rugby gaan speel. Johan Neethling was in my oë ŉ sportkenner want behalwe vir sy rugbybal het hy my van Gary Player wat toe aan die begin van sy gholfloopbaan was, se gholfprestasies vertel.

Ons metode van spankeuse sal enige sielkundige van vandag ŉ toeval laat kry. Die twee kapteins het eenkant gestaan en al die ander kinders in ŉ groep. Die kapteins kies dan beurtelings ŉ spanlid uit die groep, altyd van goed na swak. Jy het presies geweet waar jy in die rangorde van gesogtheid lê en as jy laaste gekies word, het niemand tweekeer oor jou selfbeeld gewonder nie want teen daardie tyd het almal speelveld toe gestorm. Iemand - sommige kinders beweer dis Freddie, maar ek glo dit nie want hy is familie - het ook ŉ ekstra kategorie ingebring vir speletjies waarmee die kleintjies gesukkel het, naamlik "spek en boontjies". Dit het so gewerk. Ons kies die spanne en dan op ŉ punt wanneer net die "krummels" oorbly, word daar besluit, "ja hulle kan saamspeel maar net vir spek en boontjies." Harde woorde want dit het beteken, "Wat hulle doen of wanneer hulle uit is, tel dit nie".

Die speletjies wat ons gespeel het, is almal min of meer bekend maar "Hasie " is ŉ spesiale een. Vier groot blokke soos by ŉ tennisbaan word op die grond getrek en twee spanne neem deel. Die een span keer en die ander span probeer hasies maak. Sewe spelers is nodig om te keer, twee op die voorste lyn, twee op die middellyn en twee op die agterste lyn. Die keerders mag net heen en weer op hulle toegewysde lyn hardloop en mag nie van die lyn aftree met een voet soos die abdol nie. Dan is daar die sewende persoon, die abdol. Hy mag op al die lyne hardloop en hoef net een voet op die lyn te hê wanneer hy probeer om die ander span se kinders met die hand aan te raak. As die abdol jou aanraak of as jy by die keerders verbyhardloop en hulle raak aan jou is jy uit. Die span wat hasies maak moet verby die

keerders hardloop sonder dat hulle aangeraak word. Nadat jy by die agterste keerders verby is, moet jy weer terug deur al die versperrings tot by die begin. As jy dit kan regkry, het jy ’n hasie gemaak. Om ’n hasie te kon maak, moes jy vining en rats wees, maar dit was nie maklik nie want sekere kinders wat op die lyne gekeer het was, soos Edwin, bedrieglik goed. Hy maak of hy jou nie sien nie, gee jou selfs ekstra spasie, maar boeta as jy probeer verbyglip, is hy blitsvinnig om jou te stonk. Behalwe die ekstase om ’n hasie te maak was die pret natuurlik wanneer daar kinders in al die verskillende hokke van die baan is en die abdol vinnig op enige plek probeer toeslaan en die keerders te doen het met kinders wat van agter en van voor by hulle probeer verbyglip. Hasie was altyd een van my gunstelingspeletjies en terwyl ek skryf, hoor ek nog die kinders gil van opwinding en skrik as die lang arm van die abdol onverwags in hulle rigting uitskiet.

“Peep” was ’n speletjie wat so ’n bietjie herinner aan “volleyball” maar met ’n angel in die stert. Dis oor ’n hele paar generasies van kinders gespeel wat vir ’n mens sê dat dit nou sommer spesiaal lekker was. Twee spanne het onderskeidelik aan die voor- en agterkant van die reservoir uitgesprei en dan het die een span ’n tennisbal oor die reservoir gegooi en die ander span moes dit uit die lug uit vang sonder dat dit op die grond beland. Die kinders van die twee spanne kon mekaar nie sien nie en het gevolglik nie geweet waar die bal gaan land nie. As ’n span die bal misvang, gooi hulle dit weer terug met die “peep” waarskwing. Sodra iemand die bal raakvang, hardloop daardie kind om die reservoir en probeer ’n lid van die ander span raak te gooi met die bal. Gooi jy iemand van die ander span raak, moet hy of sy oorkom na jou span toe. Ek weet nie meer of daar ’n skeidsregter was wat gesorg het dat die speletjie fêrplie is nie, maar volgens my onthou het ons maar twyfelagtige punte uitgestry totdat “konsensus” bereik is . Na so ’n lekker speletjie tydens kortpouse was almal weer vol energie en kon juffrou iets doen met ons wakker klomp.

In September elke jaar het ons lentedag gevier. Dan het ons kinders die berg ingeloop, gewoonlik in die klofie anderkant oom At se huis om sewejaartjies, kapokkies (pienk heide) en pypies te pluk. Een jaar het die kinders selfs ’n lentekonigin en haar prinses gekies. Lindie was die koningin en Marlene haar prinses (Foto 12). ’n Paar jaar tevore tydens een van die blompluk-uitstappies, het van die groter kinders ’n klip teen die berg afgerol wat toe ’n klein rotsstortinkie veroorsaak het; baie aanskoulik maar baie gevaarlik. Een van die los klippe het Freddie teen sy enkel getref sodat sy hakskeenbeentjie gekraak het. Daar het ontsteking ontstaan en Freddie moes Montagu hospitaal toe gaan vir ’n operasie aan sy voet. Dr Retief wat baie bekend was op Montagu daardie tyd, het hom opereer maar dit was nie suksesvol nie. So het Freddie uiteindelik in die Groote Schuur hospitaal beland waar hy deur ene dr Jan van der Merwe geopereer is. Daarna moes hy twee jaar op krukke loop. Om nader aan die skool te wees, het hy toe by oom Gawie Marais-hulle loseer maar dit was nog te ver van die skool af en toe het hy by oom At-hulle gaan bly. Op ’n dag het hy en Marieta stry gekry en sy het hom met sy eie kruk oor die kop geslaan. Freddie het toe weggeloop huistoe en daarna maar die 4 km van Sandleegte af op sy krukke skooltoe gespring. Geen wonder nie dat Freddie op hoërskool die skool se gewigstoot kampioen was.



*Foto 12: Lindie Neethling (regs) ons lentekoningin saam met Marlene Marais, haar prinses op lentedag van (waarskynlik) 1959.*

Wie kan ooit die kerkbasaars in die skoolgeboutjie vergeet! Die dominee het die basaar geopen met skriflesing en gebed teen drie-uur in die middag. Maar nog sommer so met die aankom by die basaar het Marieta en Elsa skouerruikers verkoop aan al die ooms. Hulle het die moters ingewag en as die deur oopgaan, was hulle daar. Dié twee Swanepoel sussies het die ruikers self gemaak uit hulle ma se tuin en gekompeteer om te sien wie die meeste geld kon maak al het hulle versierings maar net ŉ tiekie een gekos. Vir my was die hoogtepunte natuurlik die basaarpoeding en die koeldrank. Oom Abraham Neethling - sy familie het hom Hatta genoem - het altyd die koeldrank verkoop uit die kattebak van sy moter wat by die skool se trappies gestaan het. Daar was raspberry, ironbrew, cream soda en orange koeldrank. Ons het selde koeldrank in botteltjies gedrink en vir my was gaskoeldrank iets uit ŉ ander wereld. Ja daar was klein koekies en groot koeke en fudge en al sulke lekker dinge maar dis dinge wat hoofsaaklik buite my belangstelling en beursie geval het. Elke tannie het haar eie spesialiteit gehad. Ek weet byvoorbeeld dat ant Netta altyd kalkoen na die basaar gebring het en dat sy en ant Sannie ook pasteitjies verkoop het. Dit was nogal spesiaal want min ander mense in die omgewing het kalkoene aangehou. Ant Kittie en ant Aida het altyd die poedingtafel gehad en mamma het groot koeke gebak vir die basaar. Ant Berta weer, het altyd ŉ mooi groot ruiker gemaak van bergblomme wat sy op die koppie agter hulle huis gepluk het. Die ander interessante ding was natuurlik die veiling aan die einde van die basaar. Dit is ook deur oom Abraham gedoen en het goed soos pampoene, rou hoenders en dalk ŉ koek of twee ingesluit, maar beslis nie wyn nie. Hy het dan ook ant Berta se groot bergblom-ruiker opgeveil. Ek kon nooit verstaan hoekom mense gebie het en as die bod op hulle toegeslaan word, hulle dit dan teruggee om weer opgeveil te word nie. Op ons basaars het dit baie gebeur.

Droogte was ŉ gereelde besoeker in Montagu se kontrei. Dan is Klipheuwel se skooltjie gebruik vir bidure vir reën. Ek onthou meer as een keer dat dominee van die dorp gekom het en dat die gemeenskap in die skool bymekaargekom het en vir reën gebid het. In ons wêreld

was dit maklik want almal het aan een kerk behoort en mense het geglo dat ’n biduur vir reën die regte en enigste pad is om te loop.

Aan die einde van elke jaar het ons ’n konsert gehou wat deur al ons ouers bygewoon is. Vooraf moes daar geoefen en woorde geleer word. Ant Sannie het gehelp met die inoefening en dan het die kinders die meer as 4 km na haar huis toe geloop daarvoor. Daar was ’n platform met gordyne voor vir die toneelstukke wat altyd die kersverhaal ingesluit het, maar ook ander items van meer wêreldse vermaak. Dina het een jaar Mabalel gespeel langs ’n regte vuur op die verhoog. Hierdie vuur was ’n bietjie aspris om die plaasskool by Rietvlei no.1 ’n punt te wys want hulle het net toegedraaide flitsligte onder hulle Mabalel se driepoot-pot gehad. Dit was in die tyd toe Klipheuwel en Rietvlei mekaar jaarliks na hulle konserte uitgenooi het en daar gesonde kompetisie tussen die twee plaasskole was. Ek dink nie dat ek ooit enige talent vir toneelspel gewys het nie. Ek onthou wel dat my broer Abrie en Gert Neethling op hul dag jakkals en wolf was in die hoofitem van die aand. Dit was ’n groot gewerskaf om ’n masker vir die gesigte te maak. Freddie wat goed kon teken, het selfs ’n groot agtergrondsprent vir die toneelstuk gemaak, ’n bewys dat ons op Klipheuwel was maar beslis nie agter die klip nie!

Soms was die drama tussen die toneelspelers groter as die drama in die toneelstuk. So het Marlene en Johan Neethling saam in ’n toneelstuk gespeel waar hulle mekaar moes soen. Johan wou dit nooit doen tydens die oefensessies nie al het Marlene hulle twee se name in ’n hart op ’n boomstam uitgekerf. Toe breek die konsertaand aan en Johan Neethling gee haar ’n regte soen op die verhoog. Van skone skrik of verbasing of opgewondenheid – wie sal weet – vergeet Marlene haar woorde. Gelukkig was juffrou altyd die souffleuse en kon sy Marlene weer op koers kry. Dan was daar die keer toe die oomblik te groot was vir Elsa en sy flou geval het op die verhoog. Sy het langs Frikkie gestaan en nou nie in sy arms geval nie maar darem teen hom. Die grootmense het ook altyd ’n toneelstuk opgevoer en so was meneer Martheze en ant Aida die prins en prinses. Toe val ant Aida van die stomp af waarop hulle gesit het en ant Margie wat deel was van die koor agter die gordyn, lag so dat hulle die gordyn eers moes laat sak. Dit is alles waar, maar miskien het ek die stukkie oor die gordyn wat moes val nie reg onthou nie.

Gewoonlik aan die einde van die konsert het ant Berta met haar kitaar saam met ant Meraai liedjies gesing. Behalwe kersliedjies het hulle ook volksliedjies en veral “Tula Tula” ingesluit. Vir my het dit ongelooflik mooi geklink veral omdat ons uit ’n huis gekom het waar musiek geen rol gespeel het nie. Die ander hoogtepunt was wanneer oom Jaap Conradie met sy trekklavier, oom Willie Stemmet met die konsertina en sy seun Alsanner op die kitaar saam in ’n orkessie gespeel het.

Daar was ook ’n kersboom by die ko’nsert – ’n soetdoringboom soos die gewoonte in ons droë wêreld was - en daarvoor is die kersversierings heel jaar in ’n groot boks onder die platform gebêre. In sub A het elke kind altyd ’n psalm en gesangboekie by juffrou persent gekry en dan in sub B, ’n regte Bybel. Hierdie Bybel was ’n vormende invloed in my lewe want ek het elke oggend en aand ’n stukkie uit my nuwe Bybel gelees wat geleidelik ’n vaste gewoonte geword het. My teleurstelling was net baie groot dat my Bybel glad nie so interessant met stories gepak was soos die Kinderbybel waaruit my pa altyd gelees het nie. Inteendeel ek het gou agtergekom daar was”oninteressante geslagsregisters en wetsvoorskrifte” om deur te sukkel as jy die Bybel van voor af wil deurlees. Juffrou het hierdie mooi gewoonte van “Bybel as kersgeskenk vir die kleintjies” voortgesit totdat die skool gesluit is.

Ons het een of twee keer ook ’n regte outydse tiekie-aand by ons skool aangebied. By so ’n aand kos alles waaraan jy deel neem ’n tiekie – twee en ’n half sent vir die wat nie kan onthou nie. Tiekie-aande was pret-aande en het bestaan uit speletjies soos om geblinddoek ’n vark se stert aan te steek op ’n kartonbord, kurkproppe uit ’n bak water te vis met ’n gebuigde

koppiespeld aan ’n toutjie, appels uit ’n bak water met jou mond te haal met jou hande agter jou rug, te kyk hoeveel kerse jy met een vuurhoutjie kan aansteek, te raai hoeveel boontjies daar in ’n fles is en so aan. Hoe jammer dat ’n mens jou opgewondenheid en verwondering oor iets so eenvoudig soos ’n tiekie-aand mettertyd verloor as jy grootmens word.

Soos in enige skool het daar ook snaakse dinge in ons plaasskooltjie gebeur waaroor ’n mens later lekker gelag het. So het mnr Martheze vir twee outjies in die skool as straf opdrag gegee om elke dag ’n nuwe woord met sy betekenis te kom vertel. Die twee het baie na my toe gekom vir hulp. Eendag sê ek toe vir die een hy moet die woord olifant gee en dan verduidelik dat dit ’n groot dier is wat mense vreet. Natuurlik het ons almal uit ons banke geval van die lag toe die olifantstorie uitkom. Ek was daarna gelukkig my rol as woordeboek kwyt. Christo vertel die storie hoe hy en sy ses sub A maatjies, Ena, Sarel, Barbara, Marieta, Jannie en Riana – hierdie was ’n makro klas – op hulle eerste skooldag by juffrou ingeskryf is. Juffrou het oudergewoonte haar vulpen, so ’n vaal liniaal en ’n taamlike groot boek met sulke blokkies en strepies in. Sy kyk vir Christo en vra “Christo wat is jou volle name?” Hy dink en is gespanne want van soiets het hy nog nooit gehoor nie. “Volle name?” Sy kyk vir hom en hy konsentreer. “Volle name?” Toe sê Christo “O, ek is Jan Louis van Zyl” maar hy sien sy skryf nie. Sy het immers geweet wie Jan Louis van Zyl was en dit was nie Christo nie.

Daar was ook die keer toe meneer Martheze vir Davis ’n paar houe met die lat wou gee. Daarvoor het Davis niks sinnigheid gehad nie en het toe sommer by die venster uitgespring en huistoe gehardloop. Gerugte wou dit hê dat hy ’n pak by sy pa gekry het toe hy by die huis aankom en dat oom Jaap hom toe weer teruggebring het skooltoe.

Volgens Christo, is kinders se kop soos ’n juke box vol planne en dan wag jy voor jy die regte een uithaal. Hy het sy plan uitgehaal toe meneer weg was en juffrou vir altwee groepe kinders moes klasgee. Die dag spandeer sy meer tyd by die groter kinders in hulle klas want die skool was toe in twee gedeel met die houtafskorting. Christo vra om gou te gaan water drink. Die emmer water staan in die kleintjies se klas op die hoek van die platform maar sy oog is eintlik op juffrou se wekker wat op haar tafel staan, gesig weg van die klas af. Hy skep water en loer deur die houtdeur na die anderkant maar juffrou is druk besig met Anton en Frikkie. Hy draai die wekker ’n uur aan, vee die waterdruppels af en bêre sy beker. Jaco wat toe in die kleinklassie was, het gelyk asof hy wou regop kom om iets te sê maar Christo beduie met die hand dat hy vir juffrou gaan sê as hulle nie leer nie. Dis lekker vroeg pouse toe die klok lui en juffrou dink ”ja die tyd vlieg darem as ’n mens so besig is”. Daardie middag het Jaco vroeg by die huis gekom en die groot kinders het baie meer tyd gehad om teiken te gooi na die telefoonpale. Juffrou moes seker die fout agtergekom iewers deur die middag maar sy het nooit iets gesê nie.

Daar was ook die kere wat onse Meneer hom bleek geskrik het; drie kere wat ek van weet. So laat oom Kosie Bruwer ’n skoenboks vir Meneer by die skool aflewer. Die boodskap is eenvoudig, “Hanepoot soet en lekker koud gepluk”. Maar netjiese ouens soos meneer Martheze maak mos pakkies anders oop. Voete bymekaar en as die boks byna oop is, vooroorgeloer. So ǹ tros druiwe het hy nog nooit gesien nie. Hier by die oopkant wriemel ’n geelslang se lyf uit, doodgemaak maar nog vol lewe. Newton se wet van aksie en reaksie kom toe in werking want soos die geelslang-pakkie een kant toe trek, word meneer na die anderkant toe verplaas. Ek kon nooit by die kinders wat daar was, vasstel watter woorde hy gebruik het nie. Dalk is dit omdat die kinders self te groot geskrik het of omdat meneer tale gebruik het wat nie in ons kontrei bekend was nie.

Eendag in die skool, miskien was dit tydens aardrykskunde maar soos almal nou al weet, klasse was nie goed afgebaken nie, sê meneer hy gee tien pond vir die een wat vir hom kan sê hoe hoog Berg Everest is. Wat hy nie besef het nie is dat ek atlasse soos storieboeke

gelees het van vroeg in my lewe af. Ek het dadelik geweet dis 29 000 en ’n klompie voet. Toe my hand opskiet en ek begin met die nege en twintig duisend het meneer groot geskrik, maar toe is die tienpond-oomblik vir my te groot en ek vergeet wat die presiese getal is. My antwoord was iets soos 29 300 voet en meneer was los van die hoek wat hom so amper gehaak het. Die regte antwoord daardie tyd was natuurlik 29 002 voet.

Dan was daar die insident met die vliegduiwe. Meneer het toe op Montagu loseer en het met ’n Volkswagen 1500 sedan gery. Hy het gereeld vliegduiwe van wedvlugeienaars van die dorp af gebring en hulle dan op Klipheuwel losgelaat sodat hulle kon terugvlieg na hulle eienaars op Montagu. Een oggend net voor eerste pouse onthou hy vir die eerste keer van die sowat twintig duiwe in sy kar. Hy skrik hom toe in ’n paniek in en hy en die hele skool storm na sy kar toe. Die arme duiwe was flou van die warm kry en elke kind het met ’n duif op die skoot gesit en hulle met water gelawe. ’n Klompie duiwe het dit nie gemaak nie maar die res kon darem later die dag terugvlieg dorp toe. Ek wonder of Meneer Martheze ooit weer daarna duiftaxi gespeel het.

Hartseerdinge het ook nie by Klipheuwel verbygegaan nie en so het ’n tragiese gebeurtenis in 1951 ’n diep indruk op die kinders gemaak. Oom Frikkie van Eeden het met die uittrek van sy voertuig, in die hoek van die waenhuis vasgery en die stuk muur het op sy oudste dogter wat deur oopgemaak het, geval**.** Haar naam was Betsie en sy is op slag dood. Die Van Eedens het onder die Langeberg gebly op ’n plaas tussen oom Dan Marais en die De Bods. Betsie is die Sondag in die plaaskerkhof by die De Bods begrawe. Maandag het al die Klipheuwel kinders saam met Juffrou Stemmet na die Kerkhof gestap (Foto 13). Dolly Marais onthou dat Thys de Bod se ma nog vir hulle suurlemoenkoeldrank gegee het na die ver stap.



*Foto 13: Klipheuwelkinders by Betsie van Eeden se graf. Voor vlnr: Eddie Swanepoel, onbekend (?), Gert Neethling, Ansie, Pieter en Helena van Eeden (broer en susters van Betsie). Middelry: Klein-Sarel Marais, Bertha Marais, Danie Conradie, Abrie van Zyl, Freddie van Zyl, Groot-Sarel Marais, Annelie Neethling, Dolly Marais. Agter: Juffrou Johanna Stemmet, Lenie Conradie.*




*Foto 14: Betsie van Eeden se grafsteen soos dit vandag (2021) daar uitsien.*

Een van die grootste jammertes wanneer ʼn mens na Klipheuwel in jou truspieeltjie kyk, is dat daar so min fotos geneem is. Dis aan ant Sannie Marais te danke dat daar wel ʼn paar fotos geneem is. Sy het van die huis af skooltoe gestap om ʼn foto te neem by ʼn paar geleenthede. Van hierdie fotos het selfs die koerant gehaal.

Ek het nooit gevoel dat ons plaasskool ʼn beperking op ons lewens vorentoe gesit het nie. Ons kon maklik aanpas in die hoërskool. Dit het my ook later jare getref dat die drie eerste plekke sover dit eksamenpunte betref, in ons standard ses klas op Montagu aldrie deur kinders uit plaasskole ingeneem is. Toe ons in 2018 ʼn reünie van al die oorlewende Klipheuwel kinders hou (Foto 15), het Davis se woorde dit vir my die beste opgesom toe hy sê “As ek almal so kyk, het die kinders nogal almal nie te sleg uitgedraai nie”.



*Foto 15: Voormalige leerlinge van Klipheuwel voor die ou skoolgeboutjie tydens 'n reünie in Oktober 2018. Dit is dieselfde plek waar die foto met die "opening" in 1911 geneem is (kyk Foto 2).*

--oOo—

Montagu Stories: Dankie aan Blackie Badenhorst, Marlene Louw en Kobus Smit vir jou hulp.